



DIE SWIDOOSTER

Skoolkoerant van Laerskool Jan van Riebeeck

2019, UITGAWE 3

Kinders van 'n ander planeet

Deur Alet Hitge en Jacomien vd Westhuizen

'n Oorwerkte ma stuur haar kinders weg om hulle eie huise te kry en hulle eie ding te doen... Die drie kinders (of varkies) het elkeen hulle eie droomhuis en doelwitte, maar dinge begin skeefloop wanneer hulle die wolf ontmoet... Hulle leer 'n hele paar lesse in die proses.

'n Kleurvolle, opwindende produksie wat saamgestel is deur mnr. Ben Reynecke en juf. Jana Oosthuizen. Die onnies en ouers het hulle ook baie goed van hul taak gekwy met die leerders se kostuums en danspassies!

Die konsert het oor vyf aande plaasgevind, van Maandag (kleedrepetisie) tot Vrydag en alle kaartjies was uitverkoop.

Die teaterkafé wat deur die OOV beman is, het gesorg vir 'n feestelike atmosfeer, voor en na die konsert (soveel so dat heelwat ouers skoon vergeet het om hulle kroos by die klas te gaan haal...)

Hierdie konsert is opgedra aan mnr. Oosthuizen wat vir die laaste keer as skoolhoof die konsert bygewoon het.



JvR se Gr.3-superhelde wys hulle spiere.

Wat wil die Gr.7's word?
Bl.8&9

Konsertfoto's
Bl.10

Ons eie filmster
Bl.15

Hallo lesers! Hierdie kwartaal was 'n besige kwartaal propvol kultuur



en ander aktiwiteite met vele kooraande, wiskunde- en sportaktiwiteite! Lees gerus oor mnr. Pieterse, ons LO-onderwyser se aftrede na 30 jaar by JvR. Die konsert het vir groot opwinding gesorg, gaan loer gerus na die foto's van die kleurvolle kostuums. Ons berig oor die eerste jaar wat hokkie deel is van JvR se sportprogram. Onthou om hierdie vakansie lekker uit te rus en kyk gerus die fliel, Fiela se kind waarin een van ons Jannies, Chiara Roodt speel!

Groete,
Thornley Webber

Redaksie

Redakteur van die uitgawe:

Thornley Webber

Redaksie:

Raine Bence (fotograaf)

Kaylin Grobler

Alet Hitge

Peet Karsten

Bernard Lombaard

Marianne Nel

Mila Nicolella (fotograaf)

Liezel Snijders

Mari Swanepoel

Anna van Biljon

Jacomien vd Westhuizen

Skakelwerk en bladuitleg:

Juf. M. van Zyl

Juf. S. Burger

Redigering en proeflees:

Juf. M. Oosthuizen

Juf. M van Zyl

Jannie in die Kollig

Deur Bernard Lombaard

Hierdie kwartaal is Sophie Wasserman in die kollig. Sy word deur juf. Felix beskryf as behulpsaam, vriendelik en eerlik. Ek het haar 'n paar vrae oor haar lewe gevra.

Wat doen julle Graad 4's pouses?

Ons speel *stuck in the mud* (dis soos die outydse aan-aan) in die vierkant.

Wat is vir jou lekker by die skool?

Ek is mal oor Engels,



Vierde in SA

Uit die nuuskantoor

Dawid Adler in Gr.7 kan met rede trots op homself wees. Hy het onlangs vierde in die Netwerk 24-wiskundekompetisie geëindig. Meer as 4000 slimkoppe het vir die kompetisie geregistreer waarvan 120 na die eindronde deurgedring het. Hierdie jaar is die kompetisie weer op nasionale vlak aangebied, en die Wes-Kaap-leerders het die ander provinsies behoorlik uitgestof.

Dawid het R3000 vir sy prestasie gewen. Hy sê dat hy hierdie geld vir 'n klein skootrekenaar spaar waarop hy gemaklik in die bed

Wiskunde, koor en pouses!

Wie is jou gunsteling Jannie-onnie en hoekom?

Ek hou baie van juf. Felix omdat sy snaaks is en baie dinge vir my verduidelik.

Hoe sal jy juf. Felix in een woord opsom?

Omgee!

Ons hoor jy hou van kosmaak? Kook jy vir jou gesin?

Ja, ek en my pa kook saam.

My gunsteling geregte is heuninghoender en appeltert met sjokolade.

Watter meneer lyk vir jou die mees vreesaanjaend?

Mnr. Hanekom, hy stap verby en kyk dan na my op so 'n *freaky* manier.

Wat was jou hoogtepunt van die jaar?

My hoogtepunt van 2019 is dat ek met al my maats in die klas kan wees. Ek begin ook binnekort met perdry-lesse en sien vreeslik daarna uit.

sal kan sit en werk. Dawid beplan om volgende jaar na Rondebosch Boys High te gaan en sal graag eendag 'n aktuaris wil word. Hou maar die nuus dop, ons gaan nog baie van hierdie gawe syferkop hoor!



Dawid Adler, ons uitbinker in Netwerk 24 se landwyse wiskundekompetisie.

Ons eie Albert Einstein

Deur Thornley Webber

Aan die einde van die eerste kwartaal het ons Gr.6'e en -7's die eerste ronde van die Horizon Wiskunde Kompetisie geskryf. Almal wat bo 50% gekry het, het in die tweede kwartaal aan die tweede ronde by Star College in Bridgetown deelgeneem. Daarna is die top 170 leerders uitgenooi na die prysuitdeling in die Kun-

stekaap teater. Ons leerders het baie goed gevaar met sewe leerders wat in die top 100 was en Peet Karsten wat derde geëindig het uit 15 800 leerders in die Wes-Kaap!

Hierna is Peet Karsten uitgenooi na die nasionale prysuitdeling by WITS Universiteit in Johannesburg. Uit 82 200 leerders het Peet sesde geëindig en 'n pragtige trofee gewen! Wat 'n uitmuntende

prestasie. Veels geluk, Peet!



Peet Karsten met sy trofee.

JvR groet 'n legende

Deur Jacomien van der Westhuizen

Ons is hartseer om te sê dat mnr. Pieterse hierdie kwartaal klaargemaak het by Jan van Riebeeck. Mnr. Pieterse werk al vir dertig jaar by ons skool en het elke dag vir die kinders 'n nuwe leerervaring gebied. Hy het liggaams oefeninge (LO) vir leerders van Gr.1 tot 7 gegee. Almal was altyd opgewonde as dit hulle klas se LO-dag is en hulle op die veld kan uitdraf en speletjies speel. Almal geniet hulle altyd gate uit.

Mnr. Pieterse het onlangs sleg geval terwyl hy fiets gery het en kon nie die laaste weke van sy laaste kwartaal by ons terugkom skool toe nie. Dit was vir ons baie sleg dat ons nie die kwartaal nog tyd saam met hom kon spendeer nie, maar ons is wel bly hy herstel goed.

Ons het hom 'n paar vrae gevra om sy Jan van Riebeeck-avontuur goed op te som.

Watter jaar het Meneer vir

die eerste keer hier begin skoolhou?

My eerste dag by Laerskool Jan van Riebeeck was in 1989.

Was Mnr. senuweeagtig op Meneer se eerste dag?

Ek was nogal angstig. Ek het nie geweet wat om te verwag nie, maar dit was vir my 'n nuwe uitdaging.

Van al die dinge wat ons skool oor die jare gedoen het, wat is Meneer se gunsteling herinnering?

Die Oranjerivier roei is vir my definitief elke jaar 'n wonderlike ervaring. Dis baie lekker om tyd met die ouers en kinders deur te bring.

Is Meneer hartseer om te gaan of opgewonde oor die nuwe avonture wat vir Me-

neer wag?

Dit is so 'n bittersoet gevoel, want ek is hartseer om te gaan, maar daar is 'n nuwe reis en uitdaging wat vir my voorlê.

Het Meneer al enige lesse by die kinders geleer wat Meneer vir altyd sal onthou?

Ek het geleer dat 'n mens altyd moet kalm en nederig bly.

Ons groet mnr. Pieterse met 'n seer hart en hy gaan beslis 'n groot leemte by ons skool laat.

Ons weet dat al die leerders en onderwysers vir Meneer baie gaan mis!



67 Minute vir Madiba

Deur Kaylin Grobler

Mandela-dag is 'n wêreldwye oproep tot aksie waar elke individu die geleentheid het om ons wêreld 'n beter plek te maak. Nelson Mandela het vir 67 jaar lank vir die regte van Suid-Afrika se mense geveg. Ons vier Mandela-dag deur slegs 67 minute van ons dag op te offer deur ander te help of goeie daade te doen. Ons skool het op hierdie spesiale dag vir Prestwich

Primary in Groenpunt 67 kositems geskenk. Huppelland, Laerskool Jan Van Riebeeck en LRJ Steel was almal by die skenking betrokke. Prestwich Primary het nou genoeg kosvoorraad om tot Desember hul koskas vol te hou!

Begin 'n tradisie in jou gesin deur elke jaar op Mandela-dag goeie daade te doen vir 67 minute, net soos Mandela vir 67 jaar lank gedoen het.



Ons mense

Deur Marianne Nel

Judaïsme (of Jodendom) is die godsdienst van die Jode met oor 15 miljoen volgelinge



Die gewese sokkerspeler, David Beckham, sien homself as 'n Jood. Hier dra hy 'n kippah.

wêreldwyd. Die Joodse geloof het nie 'n amptelike geloofsverklaring soos meeste ander gelowe nie. Sentraal in die Joodse geloof is die Tora ("die Wet"), wat voorskryf wat hulle moet doen en nie moet doen nie, eerder as wat hulle moet glo. 'n Jood wat baie godsdienstig is, streef daarna om die Tora te gehoorsaam.

Die Jode sien uit na wanneer God sy Messias sal stuur om sy koninkryk op aarde te vestig (Christene glo Hy het al gekom in die vorm van Jesus Christus). Die Jode glo dat God nog altyd bestaan het en vir altyd sal, Hy neem alles waar wat plaasvind en is die Skepper van alles.

Die Joodse plek van aanbidding staan bekend as 'n sinagoge. Daar word die Tora bewaar en gereelde dienste word gehou.

Ek het navorsing gaan doen en met 'n Joodse persoon, Jacques Weber, gaan gesels oor sy godsdienst.

Wat is die verskil tussen 'n Bar Mitzvah en 'n Bat Mitzvah?

Een daarvan is die koms van ouderdom vir 'n seun (Bar) en 'n Bat is vir 'n meisie. 'n Seun het syne wanneer hy 13 word en 'n meisie vanaf die ouderdom van 12.

Wat is die belangrikste verskille tussen Christendom en Judaïsme?

Daar is eintlik nogal baie, onder andere verskillende kosreëls, die Sabbat is nie op dieselfde dag nie en die feeste verskil.

Wat word bedoel met die term kosher?

Kosher verwys na ons manier van eet. Daar is sekere kosse

wat ons nie mag eet nie, byvoorbeeld varkveis en ons mag nie melk en vleis meng nie.

Kan jy 'n paar tradisionele geregte noem?

challah - Vrydagaand brood
kugel - gebakte dis van eier, noedels of aartappels.
aartappel latkes - aartappelpannekoek wat in olie gebraai word.

Is daar enige streng reëls wat die Jode moet volg?

Daar is verskeie reëls. Jode mag nie op die Sabbat ry of elektrisiteit gebruik wat nie voor die Sabbat aan is nie. Jode mag ook glad nie tatoeërmerke hê nie.

Wat is jou gunsteling Joodse vakansie?

Rosh Hashanah - die Joodse nuwejaarsdag.

Die Joodse geloof is vreeslik interessant. As jy enige vriende of familie van 'n ander geloof het, vra hulle daarvoor uit. Ek is seker jy sal baie leer! Shalom!

VREEMDE BEROEPE

Sit 'kyk TV' op jou CV!

Deur Anna van Biljon

'n Mens kan baie vreemde dinge doen om 'n geldjie te maak. Dit hang egter af hoeveel geduld en deurstellingsvermoë jy het. (En natuurlik hoe desperaat jy is!)

'n Professionele Netflix-kyker:



Baie van ons droom daarvan om heeldag TV te kyk, maar vir een gelukkige persoon is hierdie droom 'n realiteit. Kan jy glo dat iemand betaal word om heeldag Netflix te kyk? Hulle moet wel vir elke

episode, reeks of flik wat hulle kyk 'n kort opsomming skryf, sowel as dit klassifiseer, byvoorbeeld as 'n riller of 'n romantiese komedie. Dit help ons om die perfekte flik te vind op Netflix. Ons is baie dankbaar vir al hul harde werk!

'n Plekhouer:

Ek het al 'n hele paar keer in 'n vreeslike lang ry gestaan en gedink: "Ek wens ek kon iemand betaal om namens my hier te staan!" Wel, jy kan. As jy regtig nie lus is om in 'n ry te staan nie, kan jy iemand betaal om jou plek te vat, en dan net heel aan die einde weer by jou plek in die ry inval. Dit klink maar na 'n vervelike werk vir my!

'n Golfbal-uitduiker:

Het jy al ooit gewonder wat gebeur met al die golfballe wat in damme ingeslaan word? Jy kan iemand huur om dit vir jou uit te duik, maar die damme is blykbaar baie modderig, en kan selfs slange in hê! Hierdie beroep is heel waarskynlik laaste op mense se lysie as jy begin werk soek...



Jana ballet in New York

Deur Mari Swanepoel

Geborg om vir twee weke New York toe te gaan om aan 'n balletkamp deel te neem... dit gebeur nie elke dag nie! Jana Brink het in die Junievakansie vir twee weke aan 'n balletkamp deelgeneem, nadat sy die eerste prys verower het by 'n balletkompetisie. Die kompetisie is geborg deur die *American Academy of Ballet*.

Vertel ons 'n bietjie meer van jou ervaring.

Die balletkamp was by die Sarah Lawrence College in Bronxville, net noord van Manhattan, New York. Ons moes elke dag ses ure lank oefen. Dit was baie lekker, maar ook uitputtend. Ek het

darem ook nuwe vriende gemaak, o.a. twee meisies van Kaapstad.

Wat het julle tydens oefeninge gedoen?

Elke uur het ons iets anders gedoen. Die laaste twee ure van die dag het ons groepdanse geleer wat ons dan op die Vrydagaand moes opvoer voor 'n gehoor. Die Woensdag het ons 'n talentkompetisie gehou. By die kamp het ons verskillende danse geleer waarvan allegro, port de bras en pirouette net 'n paar was. Hierdie kamp was harde werk, maar 'n baie besondere ervaring!

Wat 'n ongelooflike ervaring, baie geluk Jana! Jy maak ons trots!



Jana by die Sarah Lawrence College in New York.

Vir al die boekwurms daar buite!

Born a Crime - Trevor Noah
 Deur Stella Malan, Gr.6

“If my mother had one goal, it was to free my mind.” Hierdie is die woorde van Trevor Noah, een van die mees bekende komediant van ons tyd wat sy bekendheid verwerf het deur sy vrye denke.

In sy boek, *Born a Crime*, vertel Trevor Noah van die lewe van ‘n bruin kind met ‘n swart ma in die apartheidsjare. Die boek eindig net voor sy loopbaan as komediant begin, en vertel die minder bekende feite oor sy kinderdae. Dit is ‘n wonderlike boek as jy belangstel in die minder bekende staaltjies uit Noah se lewe voordat hy beroemdheid verwerf het.

Die boek wys jou om nie alles as vanselfsprekend te aanvaar nie en om dankbaar te wees vir dit wat jy het. Dit wys jou ook dat jy kan uitstyg bo jou omstandighede, en dat jou bankrekening nie jou sukses of lewensreis hoef te bepaal nie. Laastens wys dit dat roem jou nie net in die gesig tref asof iemand dit na jou toe gegooi het nie, maar dat jy daarnatoe moet hardloop en hoog spring om dit te vang.

Trevor Noah is in 1984 onder ‘n apartheidsregering gebore, met ‘n swart ma en ‘n wit pa. In daardie tyd was een van die mees strafbare oortredings in Suid-Afrika om in ‘n verhouding met ‘n ander ras te wees, en nog meer om ‘n kind uit so ‘n verhouding

te hê. Trevor is uit ‘n veel-rassige verhouding gebore. Sy ma het hom as Trevor laat doop, want sy wou hom ‘n veelsydige naam gee wat geen betekenis het nie. Haar naam was Nombuyiselo, wat beteken “om te gee”. Dit is ook wat sy haar hele lewe lank gedoen het: gee, gee, gee. Sy ma het daardie tipe Xhosa-name gehaat, want sy sê dit definieer jou persoonlikheid voor jy dit self kan ontwikkel, en sy glo in ‘n vrye lewe waar jy jou eie keuses moet maak.

Omdat Trevor ‘n misdaad was vandat hy gebore is, moes sy ma hom uit die openbare oog hou. Sy ma het reëls en regulasies gebuig en geïgnoreer om hulle lewe draaglik te maak. Dikwels kon Trevor nie eens langs sy ma in die openbaar stap nie, maar dit het sy ma nie gekeer nie. Nombuyiselo het een van haar vriende gevra om langs Trevor te loop, sodat dit lyk of die vriendin sy ma is.


So het ‘n swart ma en ‘n bruin kind vir tien jaar deur apartheid gewals, en selfs toe dit nie meer amptelik apartheid was nie, moes sy steeds versigtig wees vir die rassistiese wêreld wat teen hulle gediskrimineer het. Trevor se ma het die een hindernis na die ander weggee om haar seun toe te rus met die nodige vaardighede om suksesvol te wees.

Wat hierdie boek vir my laat uitstaan, is dat dit snaaks is, maar ook al die belangrike inligting gee. Die stories uit sy kinderjare is skreeusnaaks.

My gunsteling storie is waar hy amper sy eie gesig aan die brand steek, en waar hy iemand anders se groot huis in een van die luuksste buurte in Kaapstad afbrand.

Dit laat mens wonder hoe hy uiteindelik so beroemd geraak het, want die boek stop op ‘n baie lae punt in sy lewe. Hy het net skool klaargemaak en vir ‘n paar jaar in ‘n plakkerskamp gewerk. Hy het voor ‘n hele hof vol mense in trane uitgebars omdat hy gehoor het die regter vra “how are you” in plaas van “who are you”. Trevor Noah se vrye denke en vinnige, parmantige antwoorde het hom bo uitgebring. Dit wys jou weer dat selfs as jy vir jare lank in ‘n plakkerskamp gewerk het en ‘n week in ‘n tronksel deurgebring het, jy steeds ‘n sukses van jou lewe kan maak.

Ek beveel definitief hierdie boek aan vir enigiemand wat goed kan lees. Dit sal jou laat lag, laat wonder en laat bewonder. Gaan lees dit. Ek belowe jou, hierdie boek stel nie teleur nie.



Pieksel - Fanie Viljoen *Deur Liza Hitge, Gr.4*

Die boek gaan oor 'n seuntjie wat alleen is as sy ouers werk toe gaan. Vossie de Vos gaan nie skool toe soos ek en jy nie. Mevrouw Moerdyk ('n afgetrede juffrou) gee vir hom skool by sy huis. Vossie besluit toe dat hy nie langer alleen kan wees nie en dat hy 'n plan moet maak. Hy het opgelees oor hoe 'n mens robotte bou en besluit om self een te maak. Hy het fluks aan die werk gespring en vinnig die robot klaargemaak. Hy gee hom toe die naam Pieksel. Eendag het daar egter iets vreesliks met Pieksel gebeur...
Hierdie boek is geskik vir

kinders vanaf ag tot tien jaar. Die boek was baie opwindend en ek sou nooit kon droom dat iemand 'n robot kan maak nie. Ek gee die boek ag uit tien, want ek dink die storie kon dalk bietjie langer wees.



Z.A.K: Die Blou Planeet Theresa van Baalen *Deur Ben Terblanche Gr.6*

Die Blou Planeet is 'n aksie boek. Die storie gaan oor 'n meisie, Imke, en haar vriend, Mitch. Imke is 'n Zenkioniet ('n alien) maar haar ma kom van die aarde af. Die storie begin wanneer Imke agterkom dat sy glad nie by haar planeet inpas nie. Haar ma is al lankal oorlede, maar sy het vir Imke vertel van die lewe op aarde. Een nag, met die hulp van 'n vriend, vind Imke 'n groep mense wat vasberade is om die heelal te verken in 'n ou ruimteskip. Imke het nie die beste tyd gekies om aarde toe te gaan nie. Die aarde is besig om aangeval te word deur 'n skelm wat aardbewoners wil vang en verkoop. Kan Mitch, 'n aardse seun, vir Imke help om die aarde te verken, of selfs vir haar help om in te pas?

My gunsteling karakter is Mitch, omdat hy altyd lojaal teenoor sy vriende is. My gunsteling deel in die boek is wanneer Imke en haar vriend die planeet, Zenkion verlaat. Dit is 'n spanningsvolle deel en ek het baie geleer oor die planeet se geskiedenis! Ek sal die boek 'n ag en 'n half uit tien gee omdat ek heeltyd gewonder het wat volgende gaan gebeur. Ek hoop dat daar 'n opvolgverhaal is! As jy hou van aksieboeke (met 'n tikkie romanse), is hierdie boek net vir jou.



Roald Dahl verjaar! *Uit die nuuskantoor*

Roald Dahl sou op Vrydag, 13 September, 103 jaar oud wees. Om sy verjaarsdag (en sommer ook internasionale sjokolade dag) te vier, het ons aangetrek soos ons gunsteling karakters uit Roald Dahl se groot verskeidenheid kinderverhale. Leerders het omtrent hulle kreatiwiteit vlerke gegee en met die oulikste kostuums vorendag gekom. Daar was 'n hele paar fantastiese Mnr. Vosse, Matildas en selfs 'n reuse perske uit Hendrik en die reuse perske. Mev. Twak het ook uit die rommel ver-rys en haar skewe gesig in die biblioteek kom wys. Ons het die Vrydag speel-speel omgekry met speletjies, stories en 'n skattejag in die biblioteek. Te danke aan die grootste storie-towenaar van alle tye, was Vrydag die 13de toe glad nie 'n riller van 'n dag nie!



Stella Luckhoff (die reuse perske uit Hendrik en die reuse perske) en Louise Luckhoff (Mrs. Twit)

"A person who has good thoughts cannot ever be ugly. You can have a wonky nose and a crooked mouth and a double chin and stick-out teeth, but if you have good thoughts they will shine out of your face like sunbeams and you will always look lovely." (Roald Dahl, The Twits)

Oor 20 jaar wil ek...

Christin Meyer ... 'n baie goeie sanger wees.	Maria Joubert "...rich and famous" wees.	Isabel Oosthuizen ... 'n animeerder wees.	Darren Cloete ...wêreldberoemd wees.	Casper Labuschagne ...in 'n laboratorium werk.
Josephina Hellman ...die wêreld reis.	Stef van Duivenboden ...beter as Tariq wees.	Owen van der Linde ... 'n kommersiële vlieënier wees.	Lukas Wasserman ... 'n baard groei.	Mia Vorster ... 'n fotograaf wees.
Andree van Zyl ... 'n perd besit.	Jacomien vd Westhuizen ... 'n hand-model wees.	Aron Roets ... 'n argitek wees.	Louis Botes ...wêreldbekend wees.	
Annie Basson ... 'n aktrise of mariene-bioloog wees.	Jeanette Groenewald ...getroud en 'n filmster wees.	Eugenie Delpierre ...hopelik lewendig wees.	Dauid Adler ...in 'n dobbelhuis wees, besig om te dobbel.	
Alex Newton ...die lotto wen en 'n meerman wees.	Mari Swanepoel ...in 'n maraton hardloop.	Jana van Rooyen Geen planne.	Marcel Eygenberger ...die beste tennis- en Fornite-speler wees.	Liesel Snijders ...in 'n tandepasta-advertensie wees.
Andries Becker ...geld skenk vir Luke, want hy gaan 'n bergie wees.	Ruben Janse v Rensburg ... 'n argitek wees.	Kaylin Grobler ...die wêreld toer.	Marcelle van der Merwe ...besig wees om bokke te melk op 'n plaas in Slowenië.	
Isabella van der Walt ... 'n restaurant besit.	Charise Grobbelaar ... 'n argitek in London wees wat 'n huis ontwerp vir Thomas Brodie-Sangster.	Monya du Bruyn ... 'n chemiese ingenieur wees.	Anna Joubert ...beroemd wees en die wêreld reis met my vriende en my bokke	Luke Bester ...hopelik weet wat ek wil wees.

Graad 7 2019

(Afwesig: Zazzie Henderson)

Elze van Zyl

 ... 'n grimeerkunstenaar wees

Marianne Nel

 ...Jana v Rooyen die 2de se assistent wees en vir haar kaasbroodjies bring.

Markus Smit

 ...nog steeds elke dag my rugbytoer-trui dra.

Jana van Rooyen

 ...met 'n weermag van geitjies die wêreld oorneem.

Neena Lonte

 ...'n goeie aktrise, beste tennisspeler en getroud met 'n bekende wees.

Matilda Laubscher

 ...'n veearts in Redelinghuys wees.

Karli Coetzee

 ...saam met BTS in Los Angeles wees.

Jacques Loubser

 ...internasionaal rugby speel.

Tariq Lubowski

 ...beter as Stef wees.

Johan de Villiers

 ...'n professionele yskaats-sjef in Antarktika wees.

Layla Erasmus

 ...'n suksesvolle dokter wees en in 'n massiewe huis bly.

Jozshua Crouts-Knipe

 ...in Europa wees.

Lizaan Swarts

 ...'n Hollywood aktrise wees.

Lisa Best

 ...in Amerika wees.

Sofia Goosen

 ...'n wildebewarmer wees wat met wildehonde in Botswana werk.

Peet Karsten

 ...aftree van my professionele tennisloopbaan.

Daniel van Dyk

 ... 'n wêreldrekord breek.

Daniella Coetzee

 ...'n veearts en die beste perderuiter in die wêreld wees.

Bernard Lombaard

 ...vir die Proteas krieket speel

Leila Lonte

 ...'n professionele tennis-speler wees

Christiaan Lourens

 ...'n vlieënier of 'n flik animeerder wees.

Raine Bence

 ...op 'n hoenderplaas bly.

Daniel van Reenen

 ...by Wimbledon teen Novak Djokovic speel.

Mila Nicolella

 ...perdry en die wêreld reis.

Aidan Louw

 ...'n wetenskaplike wees.

Anna van Biljon

 ...Jana van Rooyen die tweede se sidekick wees.

Thornley Webber

 ...'n prokureur wees.

Mia Nortje

 ...óf 'n entrepreneur wees óf sport doen.

Sing en dans in die buitenste ruimte



Vir almal wat flink kan dink

Deur *Liezel Snijders*

Op 19 Julie het die ouers en onderwysers weer mekaar se kennis getoets op die jaarlikse quiz-aand. Die organiseerder, Karien Zulch, het ons meer oor die aand vertel.

Wie was die wenners van die aand?

Die wenners was die span met die naam: Watsenaam. Die spanlede was Mari (kaptein) en Chrisjan Stimie, Ben en Nicole Strauss, Jaco en Tash Fourie en Hannes en Theresa Moore.

Hoeveel vrae is gevra?

Daar was 5 rondes met 10 vrae elk. Elke ronde het uit twee afdelings bestaan. Ons het ook 5 blitsvrae tussenin elke ronde gevra vir pryse wat op die plek gewen kon word.

Het die onderwysers deelgeneem?

Ja, daar was 3 spanne met onderwysers. Mnr. Oosthuizen het 'n span gehad en ons was verbaas dat hulle 'n foto-herkenningsvraag oor die alternatiewe musiekgroep, Motley Crue, reggekry het. Huppelland het 'n span ingeskryf en ons jong

onderwysers het 'n dubbele span gehad wat die geesbeker ontvang het. Hulle het almal togas en togahoedjies aangehad en 'n baie statige aankoms gemaak. Dit was wonderlik en 'n goeie gees het geheers.

Is daar een vraag wat niemand reggekry het nie?

Ja daar was. Die vraag was: "Wat is die meer algemene naam vir 'n miershooptier?"

Weet een van julle dalk wat die antwoord is? Dis 'n klein gekolde kat of dikkopkat.

Hoekom het julle besluit om 'n quiz-aand te reël?

Ons is aan die begin van 2018 genooi na 'n soortgelyke quiz-aand vir 'n fondsinsameling en het dit vreeslik geniet om aktief deel te neem aan 'n vasvra-kompetisie in plaas van 'n dinee of sosiale geleentheid. Ek het gevoel dat die ouers van Jan van Riebeeck so 'n uitdaging sal aangryp en ek was reg. Dit was 'n heerlike aand van sosiaal verkeer en gesonde kompetisie onder mekaar.

Wie het die vrae vir die aand opgestel?

De Jongh Borchardt het

dit opgestel en ek het so 'n paar vrae aangepas en bygevoeg. De Jongh is 'n ouer by Laerskool Welgemoed en het laasjaar ons quiz-aand bygewoon as 'n lid van die 2018 wenspan. Hy het aangebied om hierdie jaar vir ons as quiz-meester op te tree. De Jongh is 'n joernalis en tans die Springbokke se kommunikasie bestuurder.

Wat was die verskillende temas gewees?

Die temas hierdie jaar was as volg:

Ronde 1: Algemene Kennis, Films & TV

Ronde 2: Kuns, Literatuur & Sport

Ronde 3: Aardrykskunde & Geskiedenis

Ronde 4: Aktueel & Kos

Ronde 5: Natuurwetenskap & Musiek

Baie dankie aan almal wat betrokke was by die reël van die aand! Ons sal solank mooi luister en leer in die klas sodat ons dalk volgende jaar ons eie vasvra-aand kan hê!



Wenners van die aand Mari (kaptein) Stimie, Jaco & Tash Fourie, Chrisjan Stimie, Ben & Nicole Strauss en Maresa & Hannes Moore.



Juf. Hanekom, juf. Baird en juf. Felix was deel van die span wat die geesbeker gewen het.

Sportblad

Mia doel amper 'n medalje los!



Mia Symington (agter, 2de van links) saam met haar WP 0/11 Dolfyne span.

Deur Mari Swanepoel

Mia Symington het gedurende die Junie vakansie in Wellington aan die WP Netbal-kompetisie deelgeneem. Daar was drie spanne, naamlik die Disas, Doves en Dolphins. Sy het doel gespeel en haar span het 'n algehele 4de plek behaal. Dit was ongelukkig een doel te min vir 'n bronsmedalje, maar nog steeds 'n fantastiese prestasie!

Mia vertel dat sy dit baie geniet het en baie nuwe vriende gemaak het. Sy sien daarna uit om weer volgende jaar deel te neem.

Jannies maak geskiedenis!

Deur Peet Karsten

Op Saterdag 3 Augustus tydens die Curro Hermanus-sportdag het twee JvR hokkiespanne op die veld uitgedraf. Dit was die heel eerste hokkiewedstryde waaraan ons Jannies deelgeneem het in die 98 jaar van ons skool se bestaan.

Die spanne wat betrokke was, was die onder 11 seun- en meisiespanne. Hulle het met groot entoesiasme die dag aangepak en moes teen skole speel wat gesoute hokkiespelers het.

JvR het vanjaar vir die eerste

keer met hokkie begin. Die plan is om hierdie jaar basiese hokkievaardighede aan te leer. In die nabye toekoms, wanneer ons spelers genoeg selfvertroue en vaardighede het, sal ons begin om ligawedstryde te speel.

Ons is bevoorreg om mnr. Hanekom as een van ons afrigters te hê - hy was self 'n kranige hokkiespeler wat op sy dag die Bolandspan verteenwoordig het.

Die hokkie-oefeninge word in groot getalle en met opgewondheid bygewoon. Die toekoms lyk blink vir ons hokkiesterre!



Mnr. Hanekom wys sy slag op die hokkieveld.



Die 0/11 hokkie bokkies. Agter v.l.n.r. Carla Snijders, Ameli Snyman, Amelie Visser Luca Zulch, Katrien Stimie, Elle Nortje, Alexa van der Merwe, Heloise Strauss, Mieke Hertzog en Sune Odendaal (afrigter). Voor: Juliette Visser



Die 0/11 seuns hokkiespan. Agter v.l.n.r.: Jan Karsten, Alexander Koen, Xander Jansen van Vuuren en Alexander Rau. Middel: Izak Bezuidenhout, Ewan Naude en Heinke Punt. Voor: Alexander Becke en Oscar Wolff

Die Gr.3's het baie te sê gehad oor hul eerste hokkiewedstryde. "My toon is raakgeslaan en my toonnael is oopgeklief." (Carmen Barnard) "Ek het gesien hoe hulle 'n seun van 'n ander span tackle met 'n hokkiestok en sy kop raakslaan met die bal." (Liam Joubert) "My posisie is tweede van agter in die middel. Ek hou daarvan om daar te speel, want ek hou van hardloop." (Lillian Lekota) Klink vir ons of 'n gum guard nie genoeg gaan wees nie... miskien 'n pantser?

Die gras lyk groener by Prestwich



'n Splinternuwe sokkerveld met sintetiese gras vir Prestwich!

Deur Peet Karsten

Die bal tref die net, die spelers omhels mekaar! Prestwich Primary het rede om opgewonde te wees oor hulle splinternuwe mini-sokkerveld met sintetiese gras.

Op Donderdag, 11 Julie het ons Gr.6'e Prestwich Primary in Seepunt besoek om 'n vriendskaplike sokkerwedstryd te speel as inwyding van hulle nuwe kunstras mini-sokkerveld. Dit was 'n groot gebeurtenis - die nuus het selfs Die Burger gehaal. Ons het by Stella Malan in Gr.6 meer oor die dag gaan uitvind.

Wie was almal daar?

Al die Gr.6'e van JvR en die Gr.6'e en 7's van Prestwich was teenwoordig. Van die skenkers sowel as 'n paar onderwysers en 'n fotograaf was ook daar.

Wat was die telling?

Die spesifieke telling is nie bekend gemaak nie, maar Prestwich het ons in al die wedstryde geklop (seuns-A en B en 'n meisiespan). Prestwich het uitstekend gevaar, maar dit was 'n harde stryd.

Was daar 'n sportster/gasspreker?

Boebie Solomons - 'n plaaslike sokkerster was daar. Hy het toe hy sewentien jaar oud

was, wêreldliga-sokker gespeel. Later het hy sy enkel gebreek op die sokkerveld en is sy sportloopbaan as speler skielik beëindig. Daarna het hy begin afrig - in sy eerste jaar het hy 'n wêreldklas span afgerig. Sy boodskap aan die kinders was dat jy jou drome moet volg, en dat jou omstandighede jou nie moet terughou nie.

Het jy dit geniet?

Ek dink ek kan namens die hele graad sê dat dit 'n wonderlike ervaring was. Die opgewonderheid was byna tasbaar. Dit was hartroerend om die dankbaarheid op die Prestwich-leerders se gesigte te sien.

Hansie Slim, berg wil klim!




Die Dapper Stappers span net voor hulle die Jonkershoekberge aandurf.

Uit die nuuskantoor

Die Dapper Stappers het op 24 Augustus 2019 die Tweede Waterval-roete in Jonkershoek gaan stap. Die oorspronklike plan om in Franschhoek te gaan stap, is in die wiele gery omdat die roete die dag voor die stap, gesluit is. Die stappers het nietemin hul stapskoene aangegetrek vir 'n ander roete!

Gr.6 Wiskunde nie vir sussies

Die Gr.6'e het memes gemaak om hul ervaring met Wiskunde uit te beeld...



EK KAN Vlieg, MAAR EK HET NIE VLERKE NIE. EK KAN HUIL, MAAR HET NIE OË NIE. WAAR OOK AL EK GAAN, VOLG DONKERTE MY. WAT IS EK?



Vir besig bly wanneer jy langpad ry!

- | | |
|--|---|
| <input type="checkbox"/> tall building | <input type="checkbox"/> store |
| <input type="checkbox"/> lake or pond | <input type="checkbox"/> person wearing a hat |
| <input type="checkbox"/> bike | <input type="checkbox"/> motorcycle |
| <input type="checkbox"/> bridge | <input type="checkbox"/> tractor |
| <input type="checkbox"/> green car | <input type="checkbox"/> bus |
| <input type="checkbox"/> cow | <input type="checkbox"/> dog |
| <input type="checkbox"/> truck | <input type="checkbox"/> gas station |
| <input type="checkbox"/> stop sign | <input type="checkbox"/> person on a cell phone |
| <input type="checkbox"/> taxi | <input type="checkbox"/> police car |
| <input type="checkbox"/> traffic light | <input type="checkbox"/> church |
| <input type="checkbox"/> horse | <input type="checkbox"/> semi-truck |



Fiela se kind

Uit die nuuskantoor

Ons eie filmster! Chiara Roodt het 'n ruk terug hard gewerk aan haar rol in die nuwe film, *Fiela se kind*, wat op Vrydag, 13 September sy verskyning op die groot skerm gemaak het. Chiara speel die rol van die jonger Nina van Rooyen.

Sy vertel dat sy vir twee oudisies gegaan het voor sy die rol losgeslaan het. Sy was aanvanklik baie bang, maar dit het gou baie pret geword. Sy het goed oor die weg gekom met haar mede akteurs en was opgewonde om elke dag te begin werk. Sy het veral lekker herinneringe saam met Luca Bornman wat jong Benjamin speel in die film. Hulle het saam toktokkie in die hotel waar sy gebly het, gespeel!

Chiara is gevra om nie die

Fiela se kinders word net meer!

In 1999 het Jana Oosthuizen, ons dramajuffrou, ook op die verhoog verskyn in die rol van jong Nina van Rooyen in die musiekblyspel, *Fiela's Child*.

SUIDOOSTER
November 1999
Jaargang 5
Nummer 2
Prys: R5,00

Jana Oosthuizen: Ons eie ster ontvang Vita

Die saterdagse uitreiking van die *Fiela's Child* was 'n gebeurtenis wat die oë van die hele land betrek het. Die 25-jarige aktrise het 'n pragtige optrede gegee in die rol van die jonger Nina van Rooyen. Dit was 'n groot sukses vir die aktrise, wat haar eerste rol in 'n groot produksie was. Die rol van die jonger Nina van Rooyen is 'n baie belangrike rol in die film. Dit is 'n rol wat baie mense sal onthou. Die rol van die jonger Nina van Rooyen is 'n baie belangrike rol in die film. Dit is 'n rol wat baie mense sal onthou.

ou film van *Fiela se kind* wat in 1988 uitgekom het, te kyk nie en ook nie die boek deur Dalene Matthee te lees nie. Hulle wou graag hê die toneelspel moet so natuurlik as moontlik wees en nie nageboots word van haar karakter in die 1988 film nie.

Om haar rol meer eg te maak, moes hulle 'n stuk van haar hare afsny sodat die punte ongelyk is. Sy kon darem na die skiet van die film dit weer mooi laat knip. Sy moes elke oggend tussen 04:00 en 05:00 opstaan en dan vir tien ure elke dag vir drie weke lank werk. As sy in die aande

by haar hotel aangekom het, het sy haar woorde vir die volgende dag se toneelspel deurgegaan.

Chiara was tot onlangs toe betrokke by 'n nuwe Afrikaanse reeks, *Projek Dina*, waar sy saam met, onder andere, Tim Theron gewerk het.

Op die vraag of sy dit sal oorweeg as 'n loopbaan, was haar onmiddellike reaksie 'n definitiewe ja. Ons sien uit om te sien wat sy nog alles gaan bereik met haar talent en is opgewonde om haar gereeld op die kassie te sien!



Chiara Roodt vertolk die rol van die jong Nina van Rooyen in die film, *Fiela se Kind*.

Ellerton entrepreneurs laat die rande inrol

Deur Ella le Roux (Gr.6)

Vir die afgelope drie jaar, in die derde kwartaal, help 'n groep gawe Jan van Riebeeck-mammas die Gr.7's van laerskool Ellerton om gereed te maak vir hul twee entrepreneursdae, een by ons skool en die tweede een by hul eie skool.

Hulle word gehelp met be-fondsing en aankope. Al die wins wat hul by die entrepreneursdag by ons skool maak, gaan vir hul eie skool. Die tweede een by hulle skool se wins gaan na hul eie sak.

Dit was weereens 'n reuse sukses en 'n lekker inter-aksie tussen die twee skole! Dankie aan al die Jannies wat hulle ondersteun het!

Heel links: By Ellerton se mini gholfbaan kon jy met 'n kolskoot groot note web. Links: Met lekker eetgoed het Ellerton ons mae en hul skool se beursies volgemaak.



Die Jannies staan tou om besigheid te doen met die leerders van Ellerton Primary.



Entrepreneur met 'n sagte hart

Uit die nuuskantoor

Markus Smit (Gr.7) het met sy entrepreneursprojek R1866 ingesamel vir KANSA deur leerders se hare met haarsproei te spuit. "Ek wou graag iets doen wat regtig 'n verskil sal maak in mense se lewens. My ouma is aan kanker oorlede en daar is soveel mense wie se lewens deur hierdie siekte geraak word." Markus se tannie werk vir KANSA in die Noord-Kaap en hy en sy gesin gaan die vakansie daar die geld aan die liefdadigheidsorganisasie oorhandig.



Markus saam met (v.l.n.r.) Johann Loubser, Danny Newton en Elle Nortje wat hand bygesit het met die spuitery.